*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 22 Februarie 2026**
**Eerste Lydensondag**

## Identiteit in vergiffenis...

*"... en vergeef ons ons sondes;*
*want ook ons vergeef elkeen*
*wat teenoor ons skuldig staan..."*
(Lukas 11:4)

Jy is wat jy doen. En jy doen wat jy is.

In ons deurblaai van die Lukas-evangelie staan ons vanoggend stil by 'n volgende aksent op vergiffenis. Dié keer by Lukas se weergawe van die model-gebed wat ons as die *Onse Vader* in die Matteus-evangelie leer ken. Dié weergawe van die gebed is vol merkers van identiteit:

*Eerstens* leer ons bid met die aksent daarop dat gebed vertel aan wie ons behoort en by wie ons krag put.
*Tweedens* word ons gebeds woorde na die hemel gerig en neem dit die fokus van ons eie klein bestaan weg.
En dan verrassend, *derdens,* word ons aardse behoeftes gebalanseer tussen daaglikse brood en ... vergiffenis wat ons aan ander gee én ontvang.
So sterk word die vergiffenis wat ons aan ander bied geaksentueer dat selfs die hemelse vergiffenis daarin sigbaar word. Kan dit moontlik wees om dít só te bid – en te leef – juis omdat ons so diep geanker word aan vergiffenis – die gee én die ontvang daarvan – dat dit selfs net soos daaglikse brood vir ons elkeen kan word?

Komende vanaf Aswoensdag na die 1ste Lydensondag oppad na Pase '26 én Berg-en-Dal gemeente se 70ste verjaarsdag, kan ek mos dan nie anders as om Jesus se woorde te onthou nie... *Ek sê selfs 70 maal 7... én as dit jou byval dat jou broer iets teen jou het... nié hy nie, máár jy....*

Here, bewaar my dan van die versoeking om hiervan weg te skram en help my om sommer nou na die erediens oor te stap, of dalk te skakel, of te skryf... my vergiffenis aan jou, soos wat ek self vergeef is....

**JAvdB.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur prof. Jan-Albert van den Berg en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; ds. Jan Lubbe en oudl. Matildie Wium die gesinsdiens in die saal.
Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
By die deure is daar 'n Bybel of Liedboek vir jou om aan die liturgie deel te neem.

## Liturgie

*"Op 'n keer het Jesus op 'n sekere plek gebid..."* (Lukas 11:1).

**Wydingslied:** Lied 390:1

*"Here, leer ons bid..."* (Lukas 11:1).

**Wydingslied:** Lied 390:1

**Votum:** *"Vader, laat u Naam geheilig word,*
*laat u koninkryk kom..."* (Lukas 11:2).

**Seëngroet**

**Loflied:** Lied 393:1, 3 en 4

**Gebed om opening van die Woord:** *"Gee ons elke dag ons daaglikse brood..."* (Lukas 11:3).

**Skriflesing:** Lukas 11:1-4

**Prediking**

**Moment van verootmoediging:** *"... en vergeef ons ons sondes*
*want ook ons vergeef elkeen*
*wat teenoor ons skuldig staan..."* (Lukas 11:4).

**Lied van verootmoediging:** Lied 390:2-3

**Uitdoof van die Eerste Lydenskers**

**Vryspraak**

**Lied van vryspraak:** Lied 390:4

**Slotgebed:** Lied 266

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** Lied 400:1-4

**Uitsending:** *"En bring ons nie in versoeking nie...'"* (Lukas 11:4).

**Seënbede**

**Amen en Orrelnaspel**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 22 Feb | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé). |
| Sondag, 1 Mrt | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Doop); gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Pastorale Gesprek (Kerkraadsvergadering ná afloop daarvan). |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

22 Feb. Hennie Barnard, Carla Pienaar, Johan Swanepoel en Margarete van Reenen.
23 Feb. Jaco Coetsee, Christopher Junius, Helena Marais en Carlé Terblanche.
24 Feb. Ruben Smith.
25 Feb. Gerrit Cloete, Armand Hanekom, Elsabé Jansen van Rensburg, Ronel Potgieter en Debbie van Wyk.
26 Feb. Mith Claassens, Jan Joubert, Kosie Kruger, André Noeth, Elsiën v/d Walt en SF van Zyl.
27 Feb. Santjie Foord, Hanchen Korff, Luna Luwes, Imke Pretorius en Louis Wessels.
28 Feb. Jopie Botha, Erna Gouws, Gustav Snygans en Dewald van der Walt.

Ons gelukwense aan Dian en Elzna Pienaar (Albrechtstr. 116, wyk 2a) met die doop van hul baba, vanoggend in die gesinsdiens in die saal.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Lue Kruger (Vlakfontein, wyk 13); Tannie Trudie Roode (Gratias 49, wyk 15c); Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a) en Tony O'Reilley (Bayswater). Ons dink ook aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun, o.a. aan Oom Johan en Tannie Stella van Staden, en aan Louise en Johan Botha, wie se seuns bedie verlam is en versorg moet word.

*Ons bid in besonder vandag vir **Lienkie Marais** en ds. Johan en hul kinders (Irene, Petrus en Helena), asook Oom Kobie en Tannie Irene Breedt en Oom Piet en Tannie Henette Marais, hul ouers, nadat die dokters hierdie week die diagnose van 'n kwaadaardige breingewas by Lienkie gemaak het. Mag hul in die dae en weke wat voorlê, bewus wees van God se liefdevolle, troue nabyheid, na liggaam en gees.*
*Ds. Johan is vireers met verlof tot latere kennisgewing.*
*Indien daar nog lidmate is wat wil help met die voorsiening van etes tuis, kontak asb vir Germarie Adendorff (079 038 4038).*

Ons meelewing aan die familie van Oom Danie Rossouw (Serenicare), wat in die ouderdom van 99 jaar en 6 maande oorlede is; ons oudste lidmaat was hy. 'n Gedenkdiens vind komende Vrydag by Serenitas plaas.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand- en Donderdagoggend Bybelstudiegroepe (19:00 en 09:00 onderskeidelik) in die Konsistorie o.l.v. dr. Martin Laubscher: *"Oor Rut en n 'ruthless (T)Ruth' ... God se hand in die drama/lyding."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Februarie**
**Wyke 7** (blok tussen kerkgebou, Prellerplein en Emily Hobhouseplein) en **8** (blok noord van Emily Hobhouse) is aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. In **Maart** is Wyke **8**, **9** en **11** aan die beurt. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

| | |
|---|---|
| **Bestuursraad:** | Maandag, 23 Februarie 18:00 (Jeugkamer) |
| **Kerkraadsvergadering:** | Sondag, 1 Maart (direk ná aanddiens) |

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Wêreldbiddag vir Vroue, Mans en Gesinne: Vrydagaand, 6 Maart om 18:00**
Vanjaar se tema – *"Kom, Ek sal jou rus gee"* – is deur vroue in Nigerië saamgestel; ons nooi jul solank hartlik daarheen uit.

**Herfstee vir Seniors: Woensdag, 11 Maart om 09:30** 70
Alle lidmate 65+ word hartlik uitgenooi na 'n gesellige oggendkuier – bespreek jou plek asb. vóór 1 Maart 2026 by die kerkkantoor of WhatsApp jou naam na 073 180 3193.

**JEUGBEDIENING: Drie datums vir jul dagboek...**
Sondag, 1 Maart – Ons nooi alle ouers na ons kategesegroepe, kom kyk wat gebeur...
Vrydag en Saterdag, 13-14 Maart – Ons gewilde Jongspankamp by die kerk...
Sondag, 22 Maart – Ons Paasmark en Koragiete Koffiehuis...

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:**
Volgende Gemeentemark is op Vrydag, 27 Februarie – skenkings van bruikbare klerasie en kombuisware, asook vrywilligers om te help is hartlik welkom (kontak 078 991 8013.

**Gratis Naaldwerkklasse:**
Alle huishulpe word hartlik uitgenooi na Dinsdagmiddae (14:00) se gratis naaldwerkklas by Berg-en-Dal; almal welkom! 📞 Marina Hegter by 083 740 3481...

**Opleiding vir almal wat 'n sieke moet bystaan/versorg:**
Hospice Bloemfontein bied van 9 tot 13 Maart (16:30-18:30) 'n opleidingskursus aan vir almal wat as vrywilligers of familie, 'n sieke moet bystaan of wil besoek; in die Raadskamer in Siësta Sorgsentrum. Bespreek by: reception@hospicebfn.co.za of 051-436 8183.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 22 Februarie: **Predikante-begeleiding.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

"Moses" kom na Bloemfontein – 20, 21 Maart 2026... *(sien pamflet)*